## Die werk van die Heilige Gees in Jona

Jona 2:7

- Vir elke mens is daar 'n vis - 'n omstandigheid waardeur ons moet gaan - om tot oorgawe aan God te kom. Dit is die Heilige Gees wat hierin aan die werk is.
- Jona se (en ons) vis is:
  - 'n Genadige omstandigheid - wat die Heilige Gees beskik
  - 'n Wonderdaad - wat die Heilige Gees bewerk
  - 'n Profesie waarheid - wat die Heilige Gees betuig
- Twee wonderwerke gebeur in die vis:
  - Ons siele versmag na God
  - Ons leer om tot God te bid
- Kinderlike oorgawe aan God en sy genade maak ons bekwaam vir ons roeping in die wêreld.

## Kerkgeskiedenis: Die Kerk in die Boererepublieke
## Josua 24:14-15, 19-21

Keuses – keuses ... ons staan elke dag voor keuses:
Vandag en ook die dae wat daarop volg moet ons die HERE kies.
Ons keuse mag nie bloot lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word.
Kom dit wat jy met jou mond bely en in jou hart glo in jou dade na vore?
Is dit sigbaar vir mense tot 'n getuienis?
Kies jy en jou huis ook om die HERE te dien en verwyder jy alles wat in die plek van jou keuse staan?
As jy kies om die HERE te dien saam met jou huisgesin het jy die regte keuse gemaak.
Net so moes die Trekboere ook in hulle lewens 'n keuse maak.